

HOOFSTUK

8

Opsomming

Voorraadstelsels

DEURLOPENDE	PERIODIEKE
Voorraad word elke keer as daar verkope of aankope plaasvind opgedateer	Voorraad word net opgedateer as 'n fisiese voorraadopname gedoen word.
Transaksies rakende die aankoop of verkoop van handelsvoorraad word in die Handelsvoorraad rekening aangeteken	Aankooptransaksies word in die aankoperekening aangeteken en die koste van verkope word slegs aan die einde van 'n finansiële jaar bereken.
Bruto wins Verkope - Koste van verkope = Bruto wins	Bruto wins Verkope - Koste van verkope* = Bruto wins * (beginvoorraad + aankope + vraggeld op aankope + invoerbelasting) – eindvoorraad

Waardasiestelsels

Spesifieke identifikasie: Hierdie metode bepaal die spesifieke koste vir elke voorraaditem. Hierdie metode is geskik vir voorraad wat nie homogeen is nie en laag in hoeveelheid maar hoog in waarde is.

Eerste in, eerste uit (EIEU)	Geweegde-gemiddelde		
Die voorraad eerste aangekoop word weer eerste verbruik/verkoop daarom is die voorraad voorhande op jaareinde die wat laaste aangekoop is.	Die gemiddelde kosprys word na elke aankooptransaksie bepaal en word gebruik om die kosprys van aankope en die kosprys van voorraad		
In die geval van stygende pryse mag hierdie metode oorwaardasie van voorraad tot gevolg hê en winste sal te hoog bereken word of in gevalle van prysdalings sal dit lei tot onderwaardasie van voorraad en winste wat te laag aangetoon word.	Hierdie metode probeer om die effek van prysverhogings te minimaliseer.		
1 Januarie – 31 Desember 20.9	Eenhede	Eenheidsprys R	Totaal R
Beginvoorraad 1 Januarie	50	100	5 000
Aankope	150		29 500
31 Maart 20.9	50	150	7 500
31 Augustus 20.9	60	200	12 000
20 Desember 20.9	40	250	10 000
Verkope	150	300	45 000
Aantal eenhede voorhande: $50 + 50 + 60 + 40 - 150 = 50$	Aantal eenhede voorhande: $50 + 50 + 60 + 40 - 150 = 50$		
Waarde van handelsvoorraad voorhande: $40 \times R250 = R10\ 000$ $10 \times R200 = R\ 2\ 000$ <u><u>R12 000</u></u>	Waarde van handelsvoorraad voorhande $= \frac{\text{Kosprys van goedere beskikbaar vir verkoop}}{\text{Totale eenhede beskikbaar vir verkoop}}$ $= \frac{R5\ 000 + R7\ 500 + R12\ 000 + R10\ 000}{50 + 50 + 60 + 40}$ $= \frac{R34\ 500}{200} = R172.50$ $50 \times R172.50 = R8\ 625$		